REËLINGS T.O.V. DIE TOEGANG TOT

THOMAS HUT

TOEGANG OOR FAIRY GLEN

1 Skakel die BKSA – Afdeling Worcester se sekretaresse, Erika Van Niekerk, by 072 342 9224, minstens 48 uur voor die tyd sodat sy die nodige toegang kan reël om oor die Fairy Glen Estate te kan ry.
2 Die volgende inligting word benodig:
Aantal voertuie met registrasie nommers
Aantal persone
Datum en tyd in en uit
3 Op die dag van aankoms rapporteer by die hekwag wat jou sal deurlaat
4 Ry reguit en stadig deur die wildreservaat. Moenie stop om foto's te neem nie. Die laaste hek sal outomaties oopgaan.
5 Ry tot by die parkeer area wat duidelik gemerk is.
6 Parkering by einde van die jeep-pad is slegs beskikbaar vir lede met spesiale toestemming en wat oor 'n 4x4 voertuig beskik.
7 Vanaf die amptelike parkeerarea, stap ongeveer 50m terug tot by die jeep-pad. Die voetpaadjie begin waar die jeep-pad eindig.

TOEGANG OOR FAIRY GLEN HANG AF VAN DIE GOEIE GEDRAG VAN LEDE

THOMAS HUT BESOEK

1 Die plate voor twee van die vensters skarnier oop en word met 'n spesiale sleutel, wat binne die hut hang, oopgemaak. Die derde venster op die stoep maak weer met 'n spesiale "allen-key" oop.
2 Sorg dat die vensters, asook die twee bo in die dak, weer behoorlik toe is voor jy vertrek.
3 Die sleutel vir die toilet hang naby die kaggel.
4 Plaas die hut fooie in die houer wat voorsien is. Hut fooie beloop R10 vir lede en R20 vir nie-lede per nag. Teken asseblief die besoekers boek.
5 Matrasse mag slegs in die hut of op die stoep gebruik word.
6 Voor jy vertrek sorg dat alles skoon en op sy plek is en alle rommel uit die hut verwyder is.

DIE BESTUUR VAN DIE WORCESTER AFDELING DOEN BAIE MOEITE OM DIE HUT NETJIES EN TOEGANKLIK VIR SY LEDE TE MAAK.
DRA ASSEBLIEF OOK JOU DEEL BY.

GENIET DIE BESOEK